

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersienings Nr. 159/2006

In die hersiening van:

DIE STAAT

versus

MESHACK SELEBANO

CORAM: WRIGHT R *et* C.J. MUSI R

UITSPRAAK DEUR: WRIGHT R

GELEWER OP: 4 MEI 2006

[1] Die beskuldigde, 'n 39-jarige man, is skuldig bevind aan roof en gevonnissen tot 2 (twee) jaar gevangenisstraf ingevolge artikel 276(1)(i) van Wet 51 van 1977.

[2] Nadat die hersieningslêer ontvang is, is die volgende navraag gerig aan die verhoorlanddros:

“Waarom is die beskuldigde aan roof skuldig bevind en nie aan diefstal nie, veral in die lig van die beslissing in S v Gqalowe 1992 (2) SASV 172 (E)? (Die rekord is ietwat onduidelik.)

Wat sou die vonnis wees as die beskuldigde slegs aan diefstal skuldig bevind is?”

- [3] In die landdros se redes word die volgende motivering verskaf van waarom die beskuldigde aan roof skuldig bevind is:

“Die indruk van beskuldigde se hand in klaer se sak en die vat van die geld het ek gesien as ‘n gryp beweging van die geld want toe die klaer sien was die geld klaar uit sy sak gewees en in beskuldigde se hand. Daar was wel ‘n handeling om die klaer met geweld van sy eiendom te ontnem. Die klaer was gelukkig ‘n groot man en alhoewel hy oud is kon hy darem nog daarin slaag om die beskuldigde te gryp en so van sy geld terug kry.”

Die oorkonde is ook reggestel.

- [4] Die saak is daarna vir kommentaar verwys na die Direkteur

van Openbare Vervolgings, Vrystaat en is 'n deeglik nagevorsde mening ontvang wat deur adv E Liebenberg opgestel is en waarvan daar dan hoofsaaklik gebruik gemaak sal word in hierdie uitspraak.

- [5] In sy getuienis het die klaer vermeld dat hy brood gaan koop het by 'n winkel in Viljoenskroon en nadat hy vir die brood betaal het, het hy die kleingeld wat hy ontvang het in sy sak gestee. Daar was R80-00 kleingeld volgens hom wat bestaan het uit note van R50-00, R20-00 en R10-00. Volgens hom het die beskuldigde die geld vanuit sy sak geneem. Hy het die man wat die geld geneem het, gegryp en laasgenoemde het die geld laat val. Dit is duidelik dat die kleingeld reeds in sy sak was toe die beskuldigde sy hand in die sak geplaas het en dat die klaer hom eers daarna gegryp het. Toe hy die beskuldigde gegryp het, het die beskuldigde die geld laat val en het die klaer van die geld wat op die vloer was, opgetel en herwin. Volgens hom het hy R30-00 herwin en was daar 'n tekort van R50-00.

- [6] Daar was ook 'n ooggetuie wat by dieselfde winkel

werksaam was en in die saak getuig het. Hy het vermeld dat die klaer se geld in sy bo-sak was en dat hy gesien het dat die beskuldigde geld uit die sak uithaal en dat die geld volgens hom toe op die grond gegooi is toe die klaer hom by die bors gryp. Hy vermeld spesifiek dat die beskuldigde sy hand in die klaer se sak ingesit het en die geld uitgehaal het.

[7] Dit is duidelik dat die beskuldigde se teenstrydige weergawe korrek deur die landdros verwerp is en moet die saak beoordeel word aan die hand van die Staat se getuienis.

[8] In die bekende handboek van Snyman **Strafreg**, 4de uitgawe bl 519 vermeld hy dat roof kortweg omskryf kan word as “diefstal deur geweld” en verskaf hy ‘n meer volledige omskrywing van roof soos volg:

“Roof is die diefstal van ‘n saak deur die wederregtelike en opsetlike gebruik van

- α) geweld om die saak van iemand anders af te neem of
- β) dreigemente van geweld om die besitter van die saak te oorreed om hom te berus in die wegname van die saak.”

- [9] In die bekende werk van Hunt **South African Criminal Law and Procedure**, 3de uitgawe deur J R L Milton Volume II op bl 462 word roof soos volg definieer:

“Robbery consists in the theft of property by intentionally using violence or threats of violence to induce submission in its taking.”

Die skrywer vermeld verder dat roof nie alleen ‘n misdaad teenoor eiendom is nie, maar ook ‘n misdaad teenoor die persoon omdat dit bestaan beide uit diefstal en aanranding. Hy vermeld ook dat roof as ‘n heeltemal afsonderlike misdaad ernstiger beskou word as die som van sy twee dele, naamlik diefstal en aanranding.

- [10] Kumleben R het in **S v DLAMINI** 1975 (2) SA 524 (D) op 529 met goedkeuring die definisie wat De Wet en Swanepoel, **Die Suid-Afrikaanse Strafreg**, 2de uitgawe op 393, aan roof toedig, aangehaal:

“Roof is die wederregtelike, opsetlike, geweldadige wegname van ‘n ander se roerende saak sonder die toestemming van die reghebbende, en die toe-eiening daarvan.”

[11] Die onderskeid tussen diefstal en roof is dus duidelik te vinde in die geweldselement wat weer blyk uit die feit dat daar ‘n aanrandingselement ook betrokke is wat teenoor ‘n bepaalde persoon gerig is. Die presiese grens tussen die twee en die mate van geweld wat nodig is vir die bevinding van roof, is nie altyd duidelik nie en het tot ‘n groot aantal beslissings aanleiding gegee.

[12] Die houding van die howe tot en met 1978 was dat ‘n handsakgryper (“n grypdief”) hom slegs aan diefstal skuldig maak. Tipiese gevalle is **S v MOKETE** 1963 (1) SA 223 (O) en **S v TLADI** 1978 (2) SA 476 (O) waar Flemming R (soos hy toe was) die volgende gesê het:

“Roof word nie gepleeg telkens as daar herkenbare geweld aanwesig is by die ontnemingsproses van 'n roerende saak nie maar alleen as die saak ontnem word deur geweld ter

voorkoming van weerstand (bv deur daadwerklike geweld wat die klaer katswink slaan of dreigemente wat hom oortuig om nie teenstand te bied nie) of ter oorkoming van teenstand (weer eens hetsy deur daadwerklike geweld soos die te lyf gaan van die klaer of die toepassing van ander geweld om teenstand oneffektief te maak hetsy by wyse van dreigemente wat die weerstand laat verdwyn of verflou tot voldoende mate.)”

Die juistheid van hierdie benadering is egter bevraagteken in die beslissing van **S v MOGALA EN ‘N ANDER** 1978 (2) SA 412 (A) waar die volgende vermeld word deur Rumpff HR:

“Ek vind dit moeilik om te verstaan waarom ‘n persoon wat met geweld ‘n handsak uit ‘n vrou se hand ruk, nie geweld pleeg nie (al hoef dit gering te wees) met die doel om die handsak te ontnem. Dit skyn my haarklowery te wees om te sê dat die geweld ‘toevallig’ is, of dat die geweld nie die slagoffer in ‘n toestand van onmag plaas nie. Die gryper weet goed dat hy alleen deur ‘n onverwagte vinnige en harde ruk die handsak kan kry. Hy weet dat sy slagoffer weerstand sou bied indien hy dit gewoonweg sou probeer vat. Daarom moet hy die slagoffer se greep en verdere weerstand by voorbaat uitskakel deur ‘n vinnige handeling wat uit geweld bestaan. Die verskil tussen die sakkeroller en die grypdief lê juis daarin dat eersgenoemde met

behandigheid my beurs of portefeulje verkry, terwyl die grypdief alleen met geweld kan slaag. Hoewel by die gryp van 'n handsak gewoonlik die ontneming van die handsak saam met die pleeg van geweld gaan, is die geweld 'n *sine qua non* vir die gevolg.”

- [13] Die Natalse hof het met die siening saamgestem en in **S v SITHOLE** 1981 (1) SA 1186 (N) die beskuldigde aan roof skuldig bevind waar hy die slagoffer van agter genader het en haar handsak wat sy onder haar arm gedra het skielik uitgeruk het en weggehardloop het. Thirion R dui egter op 1189 A – B aan dat die geweld gerig moet wees teen die persoon van die slagoffer.

- [14] Hierdie benadering is daarna ook gevolg in **S v MOFOKENG** 1982 (4) SA 147 (T) en **S v WITBOOI** 1984 (1) SA 242 (K). Die rukbeweging wat tydens die gryp van 'n vrou se handsak plaasgevind het, is as voldoende geweld beskou ten einde 'n skuldigbevinding aan roof te regverdig.

- [15] Els R dui in **S v M** 1996 (2) SASV 127 (T) aan dat die blote

feit dat 'n persoon ontnem word van eiendom wat hy aan sy persoon dra, nie noodwendig roof daarstel nie. Daar moet vasgestel word of die geweld, hoe gering ookal, *gemik was teen die persoon* van die slagoffer.

Die klaer se selfoon is in daardie geval van sy lyfband afgeruk. Die hof het die skuldigbevinding aan roof verander na een van diefstal.

Hy dui verder aan dat “[h]ierdie geval kan onderskei word van die gevalle waar die handsak **uit die fisiese greep van die slagoffer gegryp word**. Of waar ‘n ketting om die nek van die slagoffer geruk word. In daardie gevalle word die geweld wel gerig teen die liggaam van die slagoffer.”

(op 132 D)

Ook in **S v MATI** 2002 (1) SASV 323 (C) op 328 G stel Ngwenya R dit duidelik dat die geweld gerig moet wees teen die persoon van die slagoffer.

“The fact that the perpetrator acted swiftly or took his victim by surprise does not in my view elevate mere force to violence. Similarly, whether the victim would have resisted the taking of his or her item does not change the character of force into violence. Victims react differently to aggression. To some the use of force or aggression will induce submission to the taking while to some it would induce resistance regardless of the consequences. Once the court is satisfied about the nature of force used – whether it is force *per se* or violence, the question remains then whether it was merely intended to enable the perpetrator to obtain possession of the object or whether it is aimed at his victim. While this distinction is not always easy to discern, it seems to me that the clearer the picture emerges as to how the taking was executed, the easier it is for the court to decide.”

- [16] Die Oranje-Vrystaatse Plaaslike Afdeling het tot en met die beslissing in **S v MOHAMED** 1999 (1) SASV 287 (O) die benadering gevolg dat gevalle waar geweld aangewend word ten einde weerstand te vermy, soos die skielike ruk tydens die gryp van ‘n handsak, nie voldoen aan die geweldsvereiste by roof nie en is dit bloot as diefstal beskou.

Die volle hof by monde van Hancke R het egter in **S v MOHAMED**, *supra* die posisie in heroënskou geneem. Hy stel dit op p. 291b baie duidelik dat, ten einde aan die geweldsvereiste te voldoen, die geweld gerig moet wees teen die persoon van die slagoffer.

“Die heimlike verwydering van byvoorbeeld ‘n beursie of ander item op ‘n behendige wyse uit ‘n broeksak sonder dat dit met geweld gepaardgaan, stel dus slegs diefstal daar. Indien enige geweld egter teenwoordig is, dermate dat dit tot ‘n skuldigbevinding op aanranding sou kon lei as dit die beskuldigde ten laste gelê was, sal dit roof daarstel, ...”

- [17] Veral van belang is die Oos-Kaapse beslissing van **S v GQALOWE** 1992 (2) SASV 172 (OK) omdat dit in ‘n groot mate ooreenstem met die feite van die onderhawige geval. In hierdie saak het die beskuldigde ‘n banksakkie wat by die slagoffer se sak uitgesteek het, uitgeruk toe hy verby hom geloop het. Mullins R het in die betrokke saak beslis dat daar ‘n fyn onderskeid is tussen ‘n grypdief wie se optrede gewoonlik sal neerkom op roof, en ‘n sakkeroller wie se

optrede gewoonlik sal neerkom op diefstal. Die feite van elke saak moet deeglik beoordeel word sodat die onderskeid nie vervaag nie. In konklusie haal hy dan die volgende gedeelte uit **S v SITHOLE**, *supra* te 1189 B aan:

“For a taking of property to amount to robbery, the violence must be directed against the person of the victim and with the intention of overcoming, preventing or forestalling resistance from the victim to the taking of his property.”

Hy beslis verder dat die beskuldigde in die besit van die artikel gekom het deur vaardigheid en nie met behulp van enige geweld nie. Die blote feit dat hy die banksakkie uit die klaer se sak geruk het, beteken nie dat hy enige geweld teen die persoon van die klaer gebruik het nie. Dit kan bloot as ‘n skielike reaksie beskou word ten einde beheer oor die banksakkie te bekom.

- [18] Soos reeds vermeld, stem die feite van hierdie saak in ‘n groot mate ooreen met die in die **GQALOWE**-beslissing, hierbo vermeld, en is die enigste verskil dat die klaer, nadat

die beskuldigde die geld uit sy sak geneem het, weestand gebied het deur die beskuldigde vas te gryp en sodoende daarin geslaag het om sy geld terug te kry. Die enigste vraag wat derhalwe gevra moet word, is of daar aan die geweldsvereiste van roof voldoen is.

- [19] Uit voormelde bespreking van die feite van die saak is dit duidelik dat daar inderdaad nie geweld op die klaer deur die beskuldigde toegepas is nie en dat die beskuldigde eers toe die klaer hom vasgegryp het die geld laat val het. Die beskuldigde het hom ook nie verset toe hy vasgegryp is nie. Waar daar in die landdros se redes vermeld word dat die neem van die geld met geweld gepaard gegaan het, word dit nie deur die getuienis ondersteun nie. Die enigste geweld wat hier ter sprake is, is die van die klaer toe hy die beskuldigde gegryp het en gevra het wat hy doen. Die beskuldigde het ook nie op die stadium weerstand gebied nie, maar die geld laat val. Dit is opvallend dat die klaer tydens sy getuienis daarna verwys het dat die beskuldigde die geld uit sy sak “gehaal” het en dat hy nie die woord “gryp”

gebruik het nie. Die woord “gryp” is slegs gebruik met verwysing na die klaer se optrede.

[20] Dit is duidelik dat op die beskikbare getuienis die beskuldigde eerder behendig die geld uit die klaer se sak geneem het terwyl die klaer besig was by die sekuriteitspunt. Daarna eers het die klaer bewus geword daarvan en die beskuldigde vasgegryp. Die behendigheid van die beskuldigde is ook te sien in die feit dat die R50-00 noot verdwyn het en slegs die oorblywende R30-00 op die vloer laat val is.

[21] In die lig van bogemelde feitelike oorwegings kan die skuldigbevinding aan roof nie staan nie. In die omstandighede van hierdie saak was daar geen moontlikheid dat die beskuldigde enigsins aan aanranding van die klaer skuldig bevind kon word. Die skuldigbevinding aan roof moet dus vervang word met een van gewone diefstal.

[22] Die enigste verdere aspek wat aandag moet geniet, is die kwessie van die vonnis en hier is die bestaan van die lang lys tersaaklike vorige veroordelings veral van belang. Uit hierdie lys blyk die volgende:

- “Op 7 Augustus 1986 word die beskuldigde skuldig bevind aan die besit van vermoedelik gesteelde eiendom en gevonniss tot 5 houes met ‘n ligte rottang.
- Op 10 Desember 1986 word die beskuldigde skuldig bevind aan diefstal en word hy 3 maande gevangenisstraf opgelê wat opgeskort word vir 3 jaar.
- Op 29 Maart 1988 word die beskuldigde skuldig bevind aan 2 klagtes van diefstal en word op elk gevonniss tot 6 maande gevangenisstraf.
- Die beskuldigde was skaars uit die tronk toe hy op 4 Julie 1989 skuldig bevind word aan verkragting en roof. Alhoewel die datum waarop die oortreding gepleeg is, nie blyk uit die SAP 69’s nie, word die betrokke MAS-nommer waarop die misdaad geregistreer is, aangegee as 89/12/1988. Beskuldigde moes dus kort nadat hy uit die tronk ontslaan was, hierdie misdryf gepleeg het.
- Op die verkragting word hy gevonniss tot 4 jaar gevangenisstraf en op die roof tot 2 jaar gevangenisstraf en daar word gelas dat

die helfte van die vonnis op die roof saam met die vonnis op die verkragting uitgedien word.

- Op 18 Maart 1996 word die beskuldigde skuldig bevind aan diefstal en gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf.
- Hierna maak hy hom gereeld aan geweldsmisdrywe skuldig soos blyk uit die SAP 69.”

Die beskuldigde het dus 6 vorige veroordelings ten opsigte van oneerlikheidsmisdrywe. Dit is wel so dat daar ‘n tydperk van ongeveer 10 jaar verloop het vanaf die laaste keer wat hy op ‘n oneerlikheidsmisdryf skuldig bevind is. Dit blyk egter dat hy hom aan ‘n reeks geweldsmisdrywe gedurende die tydperk skuldig gemaak het.

[23] Die vonnis wat tans opgelê is, behels dat die beskuldigde slegs een sesde van sy vonnis in die gevangenis sal moet deurbring en dat dit maar ‘n tydperk van 4 maande is.

[24] Dit is wel so dat die waarde van die gesteelde item slegs R50-00 is, en dat die landdros aan die hand daarvan voorgestel het dat indien die skuldigbevinding verander sou

word na een van diefstal, die straf ietwat verlig moes word.

Dit moet in aanmerking geneem word dat daar eintlik R80-00 van die klaer gasteel is, maar dat R30-00 terugontvang is en dat dit per slot van sake nie die beskuldigde se bedoeling was om enige bepaalde bedrag te steel nie, maar soveel as wat hy van die slagoffer kon neem.

[25] Veral in die lig van die feit dat daar slegs in terme van artikel 276(1)(i) van Wet 51 van 1977 gevangenisstraf opgelê is, meen ek nie dat die vonnis sodanig onvanpas is dat daarmee ingemeng behoort te word nie, selfs al word die skuldigbevinding tot een van diefstal gewysig. Dit is trouens ietwat verbasend dat die beskuldigde in terme van hierdie sub-artikel gevonniss is in die lig van sy lang reeks vorige veroordelings.

[26] Bygevolg word die skuldigbevinding aan roof tersyde gestel en vervang met een van skuldig aan diefstal.

[27] Die vonnis van 2 (twee) jaar gevangenisstraf in terme van

artikel 276(1)(i) word bekragtig. Die vonnis moet geag word
opgelê te gewees het op 31 Oktober 2005.

G.F. WRIGHT, R

Ek stem saam.

C.J. MUSI, R

/sp